

Die olifant in die kamer

Waarom by die MIV-pandemie betrokke wees?

Nelis du Toit



Dis 'n voorreg om mense te ken wat met MIV leef. My lewe is deur MIV verryk. Dis opwindend en ook verootmoedigend om mense te ontmoet wat aktief betrokke is op die MIV-terrein. Die werklikheid van die MIV-en vigs-pandemie en kwessies wat dit aan die orde stel, het my nuut na die Skrif laat kyk en my denke gestimuleer. Ek hoop my storie sal jou bemoedig om self méér betrokke te raak.

Die werklikheid van MIV/vigs en God se liefde

Daar was 'n tyd dat ek byna oorweldig is deur die omvang van die vigs-pandemie.

Die bekende gediggie oor die olifant in die kamer vertel dat almal in die kamer probeer voorgee dat daar nie 'n olifant is nie. Ek het egter van die olifant bewus geword en begin om daarvan te praat. As 'n mens eers die olifant gesien het, kan jy nie langer swyg nie.

My eerste pogings om as gemeenteleraar iets oor MIV te sê en daaromtrent te doen, het my met die volgende werklikhede gekonfronteer:

- Ek het ontdek dat wat jy oor MIV sê (of nie sê nie), soms meer van jou Godsbeeld vertel as van jou kennis van die MIV-pandemie. Ek is gekonfronteer met vrae soos: Waar staan God en waar staan Jesus in die MIV-pandemie? Die antwoord het vir my gelê in God se onverdiende genade en Jesus se bemoeienis met siekes, randfigure en sogenaamde sondaars, sonder veroordeling
- Ek het ontdek dat wanneer jy oor MIV praat, jy van mense praat. Dit is **mense** wat MIV-positief is en **mense** wat MIV-negatief is. Dit is **mense** wat siek is en ondersteuning nodig het. Met ander woorde, die “olifant” van MIV en vigs is nie 'n “ding” nie, dis **mense** met hulle nood. Maar ek het ook ontdek dat dit dikwels mense is wat wegkruip vir MIV en vigs. Dis asof daar 'n muur is waaragter ons mense wat met MIV leef wegsteek.
- Toe ek eers van hierdie muur bewus geraak het, is ek gekonfronteer met die geweldige probleem van die stigma van MIV en vigs. Stigma is natuurlik nie 'n nuwe verskynsel nie; dis so oud soos Kain se vrees vir mense (Gen 4:14). Die MIV-pandemie leer ons opnuut hóé liefdeloos en

sondig stigmatisering is.

Saam met hierdie gewaarwordings, het die besef ál sterker gegroei dat die kerk (die gemeente, ek) direk en opsigtelik by die problematiek betrokke móét wees.

Nabyheid van MIV en die liggaam van Christus

Die kerk, die gemeente, is die liggaam van Christus. In 1 Kor 12:12-31 word prakties en konkreet uitgespel wat dit beteken. Ons houdings en optredes mag nie die eenheid bedreig nie. Daarom word minderwaardigheid (verse 15 ev) sowel as meerderwaardigheid (verse 21 ev) afgewys. Almal word geraak deur die enkeles se teenspoed of voorspoed (vers 26).

Wat MIV my in hierdie verband geleer het, is dat Christene dikwels neig om houdings te openbaar wat Christus se liggaam benadeel. Op verskeie maniere kom 'n “ons-hulle” denkwysse na vore. Hier is “ons” die gesondes en diegene wat moreel reg lewe. “Hulle” is dié wat MIV-positief is en immoreel leef. 'n Negatiewe houding word teenoor “hulle” wat met MIV leef openbaar.

Die omvang van die pandemie strek egter so wyd dat geen gemeenskap in Suider-Afrika nie daardeur geraak word nie. MIV is nie dáár ver nie, dis **hier**. Dit is nie alleen 'n “jongmens-probleem” nie. Dit is nie alleen 'n “swartmens-probleem” nie. Dit is nie alleen 'n “promiskuïteits-probleem” nie! Dis nie ander se probleem nie – dis ons almal se probleem!

Daarom is dit nodig dat die gemeente erken dat lidmate met MIV leef en geraak word deur dierbares wat met MIV leef.

Watter gemeente kan met sekerheid sê daar is geen MIV-positiewe persone in hulle midde nie? In kort: Die kerk is MIV-positief. Die kerk het vigs. Die liggaam van Christus leef met MIV.

- Die eerste implikasie hiervan is dat ons ook ten opsigte van MIV mede-verantwoordelik vir mekaar se geestelike en liggaamlike ondersteuning is. Lees maar gerus weer 1 Kor 12:12-27 met MIV bewustelik in gedagte (vergelyk ook die “mekaar” in Kol 3:12-17).
- Verder beteken dit dat ons saam mede-verantwoordelik is om verdere verspreiding van MIV te voorkom. Voorkoming is nie 'n program vir “hulle” nie, dis 'n verantwoordelikheid wat by “ons” begin.

“Die vigs-pandemie is 'n geleentheid vir die kerk”, word dikwels gesê. En: “As die kerk die geleentheid nie aangryp nie, sal dit 'n verleentheid word.”

Daar kan maklik twee misverstande ontstaan as ons aan die pandemie as net “'n geleentheid” dink. Geleent-

heid bevestig die verkeerde idee dat die MIV-pandemie iets buite die kerk of gemeente is. Verder kommunikeer dit dat daar 'n vrywillige keuse gemaak kan word. Byvoorbeeld: As iemand vir my sê daar is nou “'n goeie geleentheid” om geld op die aandelebeurs te maak, is ek nie daardeur verplig om aandele te koop nie.

Die MIV-pandemie is veel meer as 'n geleentheid vir die kerk – dis die kerk se uitdaging of toets (vergelyk die Engels “challenge”). Dis 'n kairos-moment vir die kerk – 'n oomblik van waarheid.

“Gaan vir 'n MIV-toets!” is 'n baie belangrike oproep in hierdie tyd. “Maak seker wat jou MIV-status is!” Dis reg, maar moenie vergeet dat MIV reeds vir jou en jou gemeente toets nie. Die vraag is: Is jy/julle positief betrokke by die pandemie?

Mense wat nie hoop het nie, loop 'n hoër risiko op MIV-infeksie. MIV beroof mense wat met MIV lewe van hulle hoop – met negatiewe gevolge vir hulle gesondheid.

Petrus sê ons moet gereed wees om 'n antwoord te gee oor die hoop wat in ons leef (vgl 1 Pet 3:15). Die MIV-pandemie vra op verskeie maniere wat hierdie hoop beteken:

- Mense wat met MIV leef en hulle wat aan vigs sterf, vra: “Verduidelik asseblief die hoop waarvan julle so

baie praat!”

- Mense wat kwesbaar is en hulle wat skynbaar hulle self aan risiko blootstel, vra dit ook.

- Mense wat by die pandemie betrokke is, vra wat hierdie hoop beteken. Baie van hulle is vrywilligers wat ander help terwyl hulle self hulp nodig het. Baie van hulle is reeds uitgebrand ná jare se betrokkenheid by 'n skynbaar uitsiglose situasie. Daarom verlang hulle na lewende hoop.

- Mense wat onbetrokke is, vra ook wat hierdie hoop beteken. Een van die baie redes waarom mense nie betrokke raak nie, is omdat hulle self sonder hoop is. “Hoekom sal ek betrokke raak by 'n situasie wat skynbaar uitsigloos is?” vra hooplose mense.

As ons die lewende hoop het – wat ontspring uit die opstanding van Jesus uit die graf (vgl 1 Pet 1:3) – hoef ons nie daarvan weg te skram om positief betrokke te wees by die MIV-pandemie nie.

Terwyl die liefde van Christus ons dring, en die wete dat ons die liggaam van Christus is ons motiveer, gee die hoop ons moed en wys dit die koers aan van hóé om daadwerklik betrokke te wees.

- *Nelis du Tòit het sy loopbaan begin as leraar van die V GK Kaapland en is tans voltyds in diens van CABSA as bestuurder.*

Kairos in die MIV/vigs-krisis - Van bl 3

'n kairos-moment wat bereik is. Die kerk het nou 'n teologie nodig om sy respons op die krisis te rig en te begelei.

So 'n teologiese besinning op hoop, liefde en omgee sal minstens oor vier sake leiding moet gee.

- Die siening dat vigs die straf op die sonde van promiskuiteit is. Hierdie siening vorm dikwels die basis vir die marginalisering en stigmatisering van mense wat MIV-geaffekteer is of vigs het.

- Seks en seksualiteit is 'n gawe van God.

- Die posisie van vroue en kinders en die misbruik en geweld teen hulle.

- Die belydenis dat die kerk die een liggaam van Christus is. Talle skrywers meen dat dit juis die motivering is waarom die kerk solidêr behoort te wees met ons broers en susters wat deur MIV geïnfekteer en geaffekteer is en waarom die taal van “hulle” en “ons” nie gebruik darf word nie.

Saam met ander

Volgens die roepingsverklaring glo die NG Kerk dat dit nodig is om saam met alle ander Christene hande te vat in die stryd teen MIV en vigs. Ek sou dit graag wyer wou neem om ook samewerking met die owerhede en ander organisasies in die samelewing in te sluit. Suid-Afrika het in 2007 'n vyf-jaar- strategiese plan vir die stryd teen MIV en vigs aanvaar waarin daar spesifieke voorsiening

gemaak word vir die rol van die godsdienste sektor. Samewerking met die staat en ander organisasies hoef nie te beteken dat die kerk sy waardes en etos moet prysgee nie; intendeel, dit skep myns insiens nóg 'n ruimte vir die kerk om diens te betoon.

Die roepingsverklaring word afgesluit met 'n oproep aan gemeentes om opnuut “sout van die aarde” en “lig van die wêreld” te wees. Schoeman (2002:479) meen dat die kerk dit slegs kan doen as dit luister en luisterend die-naar word in 'n wêreld wat ly aan die gevolge van vigs.

Bronnelys

1. Bisschoff, J. 2008. *Sewe 'reuse' en die NG Kerk: 'n turksy...?* Kruisgewys, April 2008.
2. De Lange, F. 2006. *Confessing and embodying justice: About being a confessing church vis-a-vis HIV/Aids.* NGTT. Jrg 47 (1&2).
3. Schoeman, LG, Verster, P en Kritzinger, JJ. 2002. *Die wit kerk en swart nood: Is daar nog sout in die soutpot oor? Opmerkings oor die betrokkenheid van die wit kerk by die MIV/vigs pandemie in Suid-Afrika.* VERBUM ET ECCLESIA Jrg23(2).
4. Van Dyk, PJ en Van Dyk, AC. 2007. *Does the church deliver? Perceptions amongst South Africans about the role of the church in the HIV/AIDS field.* VERBUM ET ECCLESIA Jrg 28 (2).
5. Van Wyngaard, A. 2006 *Towards a Theology of HIV/AIDS.* VERBUM ET ECCLESIA Jrg 27(1).

- *Willie van der Merwe het sy bediening in die V GK Kaapland begin, was die hoof van die MTR Smit Kinderhuis in die Oos-Kaap, PSD in die Wes-en-Suid-Kaap en is tans die sekretaris van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis.*